SA Boerperd Telersgenootskap

GEKOMBINEERDE RAADSVERSLAE
2025 - 2026

1. BESTUUR – Frikkie Combrink

Bestuur van Raad en aktiwiteite van alle portefeuljes.
Die Presidentsverslag word tydens die AJV gelewer.

2. FINANSIES – Jan Joubert

Mnr. Joubert bespreek die finansiële state op die vergadering.
State kan skriftelik by die kantoor aangevra word.

3. KEURINGS – Nic Jooste

In totaal is 120 merries en 66 reuns op keuringstoere voorgebring.
Totale afstand afgelê op keuringstoere: 11 358km

Keuringstoere:

GAUTENG KEURING

Keurders:	Juniors:	Gekeur:
Nic Jooste	Bruwer Burger	23 Merries
Jannie Jacobsz	Reece Olivier	21 Reuns

WESKAAP KEURING

Keurders:	Juniors:	Gekeur:
Nic Jooste	Geen	17 merries
Theunis Pretorius		3 reuns
Hannes Hattingh		

KZN KEURING

Keurders:	Juniors:	Gekeur:
Jannie Jacobsz	Barend Dorfling	19 merries
Pieter Terre'Blanche	Gustav Combrink	9 reuns

MPUMALANGA

Keurders:	Juniors:	Gekeur:
Katina Saville	Bertha Dorfling	39 merries
Jan Joubert	Gustav Combrink	13 reuns

VRYSTAAT

Keurders:	Juniors:	Gekeur:
Michiel Burger	Simoné Jacobsz	22 merries
Frikkie Combrink	Willem van Zyl	20 reuns

Hingskeuring (Verw. Punt 4)
As gevolg van die keuring wat vanaf April na Oktober geskuif het, is ’n vergunning gemaak dat hingste wat in hierdie jaar 4 geword het en nog nie voor keuring gebring is nie, aan die Nasionale Kampioenskappe 2026 kon deelneem. Dit was ’n eenmalige toegewing vir 2026 en sal nie in 2027 herhaal word nie.

Genomiese Toetse (Verw. Punt 8)
Daar is besluit dat alle teelhingste teen 2028 genomies getoets moet wees. Die teler kan egter die toets vir enige perd (hings/merrie/reun) met aantekening reeds aanvra. Dit word op die koevert met hare aangedui wanneer hare na die kantoor gestuur word vir DNS toetse. Aangesien dit ’n baie meer omvattende toets is as DNS toetse, vervang dit ’n gewone DNS toets indien vullens met aantekening reeds vra vir genomiese toetsing. Meer hare (minstens dubbel die hoeveelheid as vir gewone DNS), moet ingestuur word vir hierdie toets.

4. NASIONALE KAMPIOENSKAPPE – Bruwer Burger

OPSOMMING

BESKRYWING	2016	2017	2018	2019	2020	2021	2022	2023	2024	2025	2026
STALLE	241	276			C		188	205	216	239	**234**
PERDE	243	248	192	209	O	140	201	179	177	193	**186**
EIENAAR / VERTONERS	68	57	50	48	V		44	45	45	39	**42**
UNIVERSELE 3-GANG					I	174	253	239	202	260	**271**
UNIVERSELE ENKELTUIG					D	5	13	9	20	19	**16**
UNIVERSEEL: IN HAND						36	43	40	18	51	**47**
TRADISIONELE 3G					P	85	74	117	107	97	**139**
TRADISIONELE ENKELTUIG					A	23	31	34	19	28	**34**
TRADISIONEEL: IN HAND					N	25	21	22	20	29	**30**
TRADISIONELE 5G					D	30	54	53	36	53	**54**
VERTOONPERD					E\	12	31	30	29	18	**0**
DRESSEER					M	69	70	101	105	109	**110**
SKOUSPRING					I	48	51	41	46	46	**53**
SADDLE SEAT					E	4	7	2	5	5	**10**
WESTERN PLEASURE						10	12	14	18	19	**10**
STêRVUL						17	17	16	18	18	**14**
RONDTES / INDIVIDUELE KLASSE						**538**	**677**	**718**	**643**	**752**	**788**

Beoordelaars
Vanjaar was die eerste jaar dat ’n oorsese beoordelaar vir Universele klasse gebruik is. Die Britse beoordelaar, Me. Lesley Whitehall, het die afdeling behartig en haar baie goed van haar taak gekwyt.
In die Tradisionele afdeling, is hi-low beoordeling vanaf Vrydagaand toegepas. Die Tradisionele beoordelaar van Maandag tot Saterdag was Jakes Jacobs. De Wet Human en Theunis Pretorius het bygekom om die hi-low saam met Jakes Jacobs van Vrydag af te behartig.

Fotograwe
Vanjaar was daar twee fotograwe aangestel, nl. Denford Studios en Elpita Fotografie.

DENFORD STUDIOS
Denford Studios was die hele week daar en het die buite-klasse (dresseer, skouspring en Woking hunter), sowel as al die klasse in die dome van Woensdag tot Saterdag, afgeneem. Hulle Foto's van Saterdag se kampioenskappe was gratis vir almal.
Foto-uitslae van alle kampioenskappe is deurlopend van Maandag tot Saterdag gratis deur Denford Studios op die Facebook profiele geplaas.

ELPITA FOTOGRAFIE
Elpita was van Woensdag tot Saterdag daar en het alle skouklasse binne die Dome afgeneem.

Ander inhoud (Verw. Punt 9)
Die Smaakmaker René van der Vyver, wat deur Tiaan Venter voorgestel is, is betaal om inhoud rondom die skou te skep en op Facebook, Instagram en Tiktok te plaas. Me. Grové en Whitehead het haar ook in die verband bygestaan. Dit was baie suksesvol en het baie aandag getrek.

5. REËLS & REGULASIES – Petro Grové

Wysigings aan skoureëls & regulasies is aangebring soos uiteengesit. Alle dokumente is beskikbaar op die webblad. Franci Kotze en Maretha Louwrens is gekoöpteer om te help met die proeflees van dokumente.
Reëls en regulasies word onderverdeel in afdelings, A B & C.
Afdeling A: Administratief;
Afdeling B: Teelpraktyk;
Afdeling C: Skoureëls & Regulasies.

Afdeling A
Dokument A5: Stêrhings Reëls & Regulasies
Die hele dokument is hersien.
Tersaaklike inligting is gedurende die Stêrhings-veiling se reklameproses aan lede deurgegee.
Dokument A8: SA Boerperd Toekennings
Die puntestelsel is gewysig om by die elektroniese puntetoekenning, wat reeds geïmplementeer word, sowel as die verminderde aantal skoue per jaar, aan te pas.
Kriteria vir die spesiale toekenning vir stoete wat 50 jaar oud word, is ingesluit.
Kriteria vir die nominasies van erelede is ingesluit.

Afdeling B
Geen veranderings is aangebring nie.

Afdeling C
Verandering in Skoureëls & Regulasies (Afdeling C), word slegs een keer per jaar gedoen, nl. die eerste Raadsvergadering van die jaar in Januarie. Die laaste vergadering t.o.v. die verandering in skoureëls het plaasgevind op 23/4 Januarie 2026. Kennisgewing en opsomming van die veranderings gemaak, is op 15 Maart op WhatsApp aan lede gegee en ook beskikbaar gemaak op die webblad. Alle tersaaklike dokumente is ook sodanig aangepas. Alle dokumente is beskikbaar in Afrikaans en Engels.

STÊRHINGS-VEILING
Vir die 2026 Sterhings-veiling was daar 24 hings-inskrywings.

Bemarking is die maand vooraf op Instagram en die FACEBOOK AMBASSADORS blad gedoen. Daar was bykans 18 000 besigtigings (*views)* op FB gedurende die tydperk. Hieronder volg vergelykende syfers t.o.v. die veiling vir die laaste 10 jaar, asook 'n opsomming van die veiling wat plaasgevind het op 16 Junie 2026. Die veiling op 16 Junie is behartig deur GEPA afslaers.

VERGELYKENDE SYFERS: LAASTE 10 JAAR

JAAR	INKSRYWINGS	MERRIE NOMINASIES	VEILING	TOTAAL	60% PRYSGELD
2016	R21,000	R18,000	R68,500.00	**R107,500.00**	R64,500.00
2017	R21,000	R19,000	R53,000.00	**R93,000.00**	R55,800.00
2018	R16,000	R15,000	R67,150.00	**R98,150.00**	R58,890.00
2019	R23,000	R19,000	R57,400.00	**R99,400.00**	R59,640.00
2020	R22,000	R18,000	R108,500.00	**R148,500.00**	R89,100.00
2021	R27,000	R25,000	R125,000.00	**R177,000.00**	R106,200.00
2022	R25,000	R20,000	R103,000.00	**R148,000.00**	R88,800.00
2023	R28,000	R24,000	R95,500.00	**R147,500.00**	R88,500.00
2024	R31,000	R30,000	R113,000.00	**R174,000.00**	R104,400.00
2025	R25,000	R31,500	R184,000.00	**R240,500.00**	R144,300.00
2026	**R24,000**	**UITSTAANDE**	**R150,000.00**	**R174,000.00**	**UITSTAANDE**

OPSOMMING: SA BOERPERDE STERHINGS-VEILING 2026

LOT	HINGS	EIENAAR NAAM	NOMINASIE	DEKKING GEKOOP	VEILING
1	Aandag Glock	Barend Dorfling	R 1,000.00	Double B Ranch	R3,500
2	Abagta Geepad	Bruwer Burger	R 1,000.00	Theunis Pretorius	R9,500
3	Bakgat Lancelot	Henru Smit	R 1,000.00	Heila Mostert	R11,500
4	Calela Coedoe	Jannie Jacobsz	R 1,000.00	Gunter Combrink	R7,500
5	Disselboom Dekota	David de Wet	R 1,000.00	Johan Kruger	R10,500.00
6	Genot Rietbok	Gerhard le Roux	R 1,000.00	Heila Mostert	R8,500
7	Goudhoek Dayo	Gerhard le Roux	R 1,000.00	Anine Fraser	R4,000
8	Hancke Kambro	Jan Joubert	R 1,000.00	Hannes Hattingh	R6,000
9	Hanzel Lewoema	Hannes Hattingh	R 1,000.00	Sw Esterhuizen	R3,500
10	Hoefstraal Valeur	Petro Grové	R 1,000.00	Helene Lotz	R6,500
11	Janic Nexus	Willem van Zyl	R 1,000.00	Gerhard J.v Rensburg	R2,500
12	Janic Tracer	Nic Jooste	R 1,000.00	Heila Mostert	R3,500
13	Janic Vodca	Nic Jooste	R 1,000.00	Gerhard J.v Rensburg	R8,500
14	Izintombi Calela Geduld	Jannie Jacobsz	R 1,000.00	LEANDRI Du Toit	R2,500
15	Lang-Carel Doloriet	Frikkie Combrink	R 1,000.00	Jannie Jacobsz	R5,500
16	Lang-Carel Lusthof	Leandri du Toit	R 1,000.00	Gustav Combrink	R14,500
17	Lang-Carel Rigter	Reece Olivier	R 1,000.00	George Nefdt	R10,000
18	Lang-Carel Viceroy	Petro Grové	R 1,000.00	Gerhard J.v Rensburg	R6,500
19	Linel Hidan	Ines Nel	R 1,000.00	Nic Jooste	R5,000
20	Michmar Nadal	Gerhard J v Rensburg	R 1,000.00	WILLEM Van Zyl	R5,500
21	Rooigras Spend a Pound	Jan Joubert	R 1,000.00	Johan Kruger	R4,000
22	Sanlouw Kommando	Manie Louwrens	R 1,000.00	Liezelle Whitehead	R4,000
23	Tokoza Move Up	Frikkie Combrink	R 1,000.00	Johan Kruger	R7,000
24	Vlampie's Seder	Adele Nienaber	R 1,000.00	GEEN	R0
	TOTALE:		R 24,000.00		R150,000.00

Merrie-nominasies nog nie bereken nie.

EQUINE SA

Daar is weer die begin van die jaar onderhandel dat alle SA Boerperde gratis op die platform mag adverteer. Deur self te adverteer, het die adverteerder die opsie om self die advertensies op en af te haal, of aan te dui op die perd verkoop is. Kennis daarvan is van tyd tot tyd aan lede deurgegee. Die opsie word nie genoeg benut nie.

6. LEDEKOMMUNIKASIE – Jannie Jacobsz

Daar is tans 115 lede waarvan 27 opgeskort is.
Lede bedank:

- Volmoed Stoet, Andries Foulds;
- L'Clue Stoet, Michelle Coetzee;
- Ludwig Stoet, Chris Koch;
- Bakgat Stoet, Frikkie Combrink;
- Lujana Stoet, Willie Jacobsz.

Nuwe Lede:

- Gule Stoet, Ndomiso Gule;
- Njalo Stoet, J. Erasmus;
- Savvy Stoet, Katina & Echo-rain Saville
- Kiriis Stoet, Henning Kotze;
- ACB Stoet, Andre Champion.

Navrae van lede is hanteer en uitgesorteer met die kantoor.

7. BORGE – Gerhard J v Rensburg (Verw. ook Punt 2 & punt 9)

(Finansies t.o.v. borgskappe word tydens die AJV bespreek.)
Die hoofborge van die Nasionale Skou 2026 was Agri-Seker en Toyota.
Mnr. Gerhard van Rensburg en Me. Liezelle Whitehead het die borge vanaf Donderdag tot Saterdag ontvang en onthaal in die area bokant die kroeg van die Afridome. Daar is etes, verversings en verblyf vir hulle gereël.

Toyota

Mnr. Jan Joubert het Toyota tafel toe gebring as borg en hulle was vanjaar die grootste borg op die skou. Na aanleiding daarvan was die skou die *Toyota SA Boerperd Kampioenskappe* genoem. Dit was die eerste keer dat hulle die Nasionale Kampioenskappe geborg en bygewoon het. Hulle het laat blyk dat hulle 'n borgskap in 2027 weer sal oorweeg.

AgriSeker

AgriSeker gee jaarliks 'n borg vir die Nasionale Kampioenskappe. Hulle was vanjaar die 2de grootste borg van die Nasionale Kampioenskappe. Hulle beskou die SA Boerperd Telersgenootskap as deel van die AgriSeker familie en het 'n langtermyn vennootskap as borg van die Nasionale Kampioenskappe.

Ander borgskappe deur Me. Prinsloo ingesamel:
De Adelaar Stoet; Wilhes Stoet; Rooigras Stoet; Losberg Stoet; Spontaan Stoet; Bella Vista Stoet; Wilanmar Stoet; Le Pona Stoet; Hoefstraal Stoet.

8. **OPLEIDING –** Michiel Burger (Snr.)

’n Bouvorm kursus was gehou op 10 Augustus 2026 en aangebied deur Mnr. Michiel Burger by die Double B Ranch Stoet van Bertha en Barend Dorfling te Rayton.

Ten spyte van die bitter koue dag, was Daar was 28 kursusgangers.
Alle kursusgangers kon kies of hulle die eksamen aan die einde van die aanbieding wou aflê.
11 van die kursusgangers het die eksamen na afloop van die kursus afgelê. Die uitslae is nog nie bekend nie.

Daar is reeds ’n elektroniese raamwerk en program vir die elektroniese opleiding van bouvorm geskryf, maar dit is steeds in die ontwikkelingstadium.

SA Boerperd verteenwoordiger by SA Stamboek
Mnr. Claus Kempen van Sekretariaat het afgetree.
CEM: Dit is steeds verpligtend om hingste elke 5 jaar vir CEM te laat toets. Die jaarlikse Perdeforum werk onverpoosd agter die skerms om dit te probeer skrap. Dit is egter ’n logistiese nagmerrie om al die gesaghebbendes gelyktydig bymekaar te kry. Die Perdeforum vind een keer per jaar plaas.
ZOO-OMICS: Perde se DNS word nou deur ZooOmics gedoen.
GENOMIESE TOETSE: Hare kan na die kantoor gestuur word, en SA Stamboek sal die proses verder behartig. Dubbel die hoeveelheid hare word benodig vir die toets.
Keuringspuntekaarte: Dit word tans terugwerkend op die sisteem gelaai.

9. **WEBBLAD, STREEKSKOUE & BEMARKING –** George Nefdt

Die jaar se bemarkingsvordering was 'n spanpoging. ‘n Komitee is saamgestel en tweeweeklikse vergaderings is gereeld gehou. Die komitee het bestaan uit: George Nefdt, Petro Grové, Liezelle Whitehead, Tiaan Venter en Linda Meintjes. Me. Liezelle Whitehead is deur die Raad aangestel as bemarkingsbeampte wat betaling ontvang spesifiek vir die bestuur van sosiale media. Sy doen gereelde plasings op Instagram en Facebook, en bestuur saam met Me. Grové die webblad. Die webblad word op ‘n gereelde basis op datum gebring.

Die vernaamste bemarkingspoging van die jaar was die digitale veldtog rondom die Toyota SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe. Teen 'n besteding van ongeveer R5 000, het die tweeweeklange, video-eerste veldtog 'n breë nasionale gehoor gelewer teen minder as een sent per vertoning.

Die Genootskap se digitale teenwoordigheid het stelselmatig gegroei en is nou 'n sentrale bemarkingsbate. Die sosiale media-blaaie het ‘n meer konsekwente plasingsritme en die webwerf word ook meer besoek.

Met alle bemarking, bly dit egter steeds ‘n uitdaging om genoegsame goeie foto’s te bekom. Ons Instagram profiel het tans 1500 volgers en die Facebook 6000. Die hoogtepunte op die SA Boerperd Ambassadeurs blad was die Stêrhings-veiling se bemarking wat deur Me. Petro Grové gedoen is. Daar was na beraming 18 000 profielbesoeke op vir die maand.

NASIONALE KANPIOENSKAPPE OPSOMMING	
Tydperk	12 – 26 Julie 2026 (twee weke)
Totale videovertonings	544 341 (Facebook, Instagram & TikTok)
Totale nuwe volgers	1 207
Profielbesoeke	8 374 (FB 6 356 · IG 1 800 · TikTok 218)
Aktiewe interaksies	12 000+
Koste per vertoning	R0,009 (minder as een sent)
Totale besteding	R5 044,60 (begroting ~R5 000)

Nota: Syfers is saamgestel uit die veldtog se platformverslae. Profielbesoeke word op platformvlak aangedui en tel op tot 8 374.

Borgwaarde — Toyota en AgriSeker (Verw. Punt 4)

- Deurlopende erkenning in plasings, asook en eksklusiewe video-onderhoude vir maksimale handelsmerk-sigbaarheid.
- Toyota-spesifieke video's het oor al drie platforms geloop, en permanente ligpunte hou borginhoud vindbaar lank ná die geleentheid.
- 'n Buitengewone opbrengs (R0,009 per vertoning) wat byna onmoontlik is om in tradisionele media te ewenaar — waarde wat die borgverhouding direk ondersteun en beskerm.

Facebook bly ons sterkste kanaal vir uitreiking en skakelklikke, maar volgergroei tydens die veldtog was beskeie (+259), en die platform benodig ’n vars benadering. Navorsing — en ons eie veldtogdata — toon konsekwent dat kortvorm-video's en onderhoude die doeltreffendste formaat is: video-eerste inhoud het die oorgrote meerderheid van ons 544 000 vertonings gedryf. Die SA Boerperd ras is basies op gelyke voet met die SA Warmbloedperd-genootskap — die voorste plaaslike sportperd-liggaam — en ver voor ons mede-inheemse ras, die Nooitgedachter. Beduidend: ons Nasionale-veldtog het meer as 544 000 vertonings in twee weke gegenereer, 'n skaal van interaksie wat min plaaslike genootskappe behaal. Dit dui daarop dat ons inhoudstrategie reeds ver bo ons volgerbasis meeding.